# Eljada

Die Here voorsien

GEREFORMEERDE KERK RIETVALLEI
vir God • vir mekaar • vir die wêreld


**PREDIKANTE**

**Ds. Anton Dednam**
060 996 7291
anton@gkrietvallei.co.za
(Wyke met gelyke nrs.)

**Ds. Danie Potgieter**
072 272 9631
danie@gkrietvallei.co.za
(Wyke met ongelyke nrs.)

**SKRIBA**
Ouderling Deon Venter
083 376 7523
skriba@gkrietvallei.co.za

**DIAKONIE**
Diaken Annamarie van der Merwe
083 264 0328
avdm2@mweb.co.za

**OPERASIONELE BESTUURDER**
Ouderling Thomas Coetsee
061 197 3695
thomas@gkrietvallei.co.za

**SUSTERS**
Sr. Inneke Dedman
081 750 6468
gkrietvalleisusters@gmail.com

**FINANSIES**
Estelle Strydom
012 347 7362
fin@gkrietvallei.co.za

**ADMINISTRASIE**
Diaken Karen de Lange
012 347 7362
admin@gkrietvallei.co.za

**KOSTER**
Ouderling Thomas Coetsee
061 197 3695

**ORRELIS**
Sr. Christine v Helden
072 658 5664
christine@realaccounting.co.za

**ELJADA**
eljada@gkrietvallei.co.za


Vertel en Leef die Goeie Nuus

"Ja, trek die nuwe mens as kleed aan, wat in ware geregtigheid en heiligheid in ooreenstemming met God geskep is." Efesiërs 4:24

**16 Augustus 2026**

## WOORDBEDIENING

**OGGENDDIENS om 09:15**

Psalm 100: 1 - 4
Psalm 86: 3 en 6
Psalm 9: 1, 7, en 8
Psalm 118: 2, 7 en 14

Skriflesing: Handelinge 9: 1-31 (1953 Vertaling)

Handelinge 9: 19b - 30

**Tema: Bekering, Ondersteuning, Redenering, Verandering.**

Deur dit wat met Saulus kort na sy bekering gebeur het, wys ons Here ook vir ons as Sy dissipels en kerk ons taak.

Bekering is lewensveranderend. Dit vra van mense om hul valse gode en hul self-afgodery, te verlaat en te vra waartoe God as hulle Skepper en Verlosser hulle roep in elke aspek van hulle lewe.

1. Bekering & Ondersteuning:
2. Redenering & Verandering:

# WOORDBEDIENING

**AANDDIENS om 18:00**

Psalm 107: 1 en 3
SB 1-1: 1 en 2
SB 1-1: 3 en 5

Skriflesing: Efesiërs 1: 3 – 14 (2020 Vertaling)
NGB 16

" 3"Lofwaardig is die God en Vader van ons Here Jesus Christus! Dit is Hy wat ons in Christus geseën het met elke geestelike seëning in die hemel."

Efesiërs 1: 3

**Tema: In Christus het ons sekerheid, tot lof van God Drie-Enig.**



# Verjaardae Meelewing

| BELYDENDE LIDMATE | | |
|---|---|---|
| 17 Aug | Mamta Kumar | D35 |
| 17 Aug | Carine Labuschagne | A06 |
| 17 Aug | Abrie van Schalkwyk | D15 |
| 18 Aug | Lucian Cronje | A06 |
| 18 Aug | Philip du Plessis | D07 |
| 18 Aug | Winy du Preez | D21 |
| 18 Aug | Bertus Steenkamp | A22 |
| 19 Aug | Lukas du Preez | D21 |
| 19 Aug | Ansie Oosthuizen | A32 |
| 19 Aug | Ansie Snyders | D29 |
| 19 Aug | Lukas Visagie | D19 |
| 20 Aug | Andre Cronje | A12 |
| 20 Aug | Karien de Kock | A10 |
| 20 Aug | Carina Duncker | A30 |
| 20 Aug | Faan Pieterse | D15 |
| 20 Aug | Awie Schutte | D13 |
| **DOOPLIDMATE** | | |
| 16 Aug | Almi van Vuuren | A10 |
| 19 Aug | Cronje Potgieter | D29 |
| 19 Aug | Ilke Potgieter | D29 |
| 20 Aug | Ilah Smit | D13 |
| 21 Aug | Lenicke Venter | A16 |
| 21 Aug | Marius Venter | A16 |

**BAIE GELUK**

***Saam met elke lidmaat wat hierdie week verjaar, dank ons die Here vir nog 'n geseënde lewensjaar.***

***Ons bid vir elke lidmaat wat verjaar die Here se genade en vrede vir 'n vreugdevolle nuwe lewensjaar toe.***

***"Want U, Here, U seën die regverdige, soos 'n skild omring U hom met welwillendheid." Psalms 5:13***

***Die volgende lidmate word aan die sorg van ons Here opgedra:***

- Sr. Mercia Carsten (D35) het die afgelope week 'n operasie ondergaan en herstel tuis.
- Sr. Reinette Koetsier (A06) het Woensdag 12 Augustus 'n operasie ondergaan.
- Hendré seun van br. Hendrik en sr. Adele Ehlers (D13) ondergaan DV Maandag 'n operasie.
- Br. Gerhard en sr. Ester van der Walt (D11) se dogter het Donderdag 13 Augustus 'n operasie ondergaan en is al vir 'n redelike lang tyd in die hospitaal. Ons bid vir krag, genade en genesing in hierdie uitdagende tyd.

# Inligting

Kollekte by deure BYBEL-VERSPREIDING

Kollekte onder die diens gaan vir die barmhartigheids-diens van die diakens

Bybelverspreidingsfondse word gebruik om Bybels aan mense wat nie 'n Bybel kan bekostig nie beskikbaar te stel.

Baie dankie vir u bydrae.

**RIETVALLEI SE BANKREKENING-BESONDERHEDE**

**Kerkkas:** Rekeningnommer: 34 9014 4306 Gebruik asb. verwysing: WYK VAN NAAM

**Diakonie:** Rekeningnr: 40 5113 8620

**Susters:** Rekeningnr: 40 9473 9097

**Franse Mediabediening:** 40 4878 6755

Al die rekeninge is by ABSA takkode: 632 005

## 16 – 22 Augustus

Aktiwiteite hierdie week

### VANDAG – 16 Augustus

Skinkbeurt: Wyke A08 en D13
Gr 8-12 Gesprek saam met ds. Anton (Konsistorie)

### MAANDAG – 17 Augustus

Pluimbal: 16:00-20:00

### DINSDAG – 18 Augustus

Bybelstudie Seniors: 10:00 (Raadsaal)
Instandhoudingsvergadering: 18:00 (Raadsaal)

### WOENSDAG – 19 Augustus

Pluimbal: 17:00-19:00
Barmhartigheidsvergadering: 18:30 (Raadsaal)

### DONDERDAG - 20 Augustus

Gemeente Bybelstudie: 09:00 (Saal)

### VRYDAG - 21 Augustus

Bybelstudie: Vroegoggendvolgelinge: 06:00 (Aanlyn)
Koinonia 17:00 - 21:00




### *Finansiële nuus – Kerkkas-bydraes*

Ons kerkkas bydrae vir Julie 2026 het op 'n baie goeie R576 942 ingekom en soos Junie was dit effe meer as begroot. Die gemiddelde bydrae vir die jaar tot datum is marginaal bo begroting, waarvoor is ons dankbaar.




*Groete.*
*Finansieskantoor*

## GK Rietvallei se nuwe voorportaal

***Baie dankie*** aan die span, onder leiding van sr. Doreen Bierman, wat ons kerkgebou se voorportaal bietjie opgekikker het. Dit skep nou ’n lekker warm en verwelkomende atmosfeer met die intrapslag. Ons hoop jul geniet die nuwe ruimte!

***Waar kry u wat?*** Vir kouer dae, neem gerus ’n *kniekombers* uit die houtkis by die ingang en plaas dit net weer na die erediens daarin terug. Daar is ook steeds *houtknypborde* beskikbaar *binne-in* die buffetkas (aan die linkerkant) indien u tydens ’n erediens daarvan gebruik wil maak. Die nuwe deurskynende *plastiekknypborde* op die groot vertoonkas is slegs vir diensgroepe vir vraelyste of invulvorms. Daar is ook penne beskikbaar hiervoor. Diakens aan diens se *invul-bywoningstrokie* is in die klein mandjie op die groot vertoonkas. Diensgroepe wat hul bediening wil adverteer met *strooibiljette* kan dit gerus plaas in die groter mandjie op die vertoonkas. Lidmate kan ook gerus daarna gaan loer om te kyk waar hulle betrokke kan raak of ’n verskil kan maak. *Kerkblaaie* sal in die vervolg in die groen houers op die groot vertoonkas geplaas word vir diegene wat dit bestel het.

***Ondersteuning benodig!*** Ondersteun asb. die *Bybelverspreidingsprojek* – vul ’n koevert of pilhouertjie met die nodige kontant en gooi dit in die kleiner glasbottel op die groot vertoonkas; of gee dit direk vir br. Klaas Steyn. Onthou ook van *Crossroads Prison Ministeries se brilprojek* wat in die voorportaal geadverteer word. Ondersteun hulle ook gerus deur die skenkings in die mandjie op die trollie in die voorportaal te sit. Skenkings vir die *Eljada-huis* kan steeds agter die trappe in die voorportaal geplaas word.

***Biblioteek- en ander skenkings:*** Indien lidmate gepaste *Christelike literatuur* het wat ons by die bibliotekie in die leeshoekie kan voeg, plaas dit asb. op die middelste rak van die trollie in die voorportaal. Ons sal ook verskriklik graag op die buffetkas ’n groot ou *familie-Bybel* wil gebruik as vertoonstuk, dus as enigiemand een het wat hul kan skenk, sal ons dit baie waardeer. Ons benodig ‘n *beskermende lappie* oor die kunswerk op die baksteenmuur wat dit in die week teen sonskade sal beskerm. Indien daar ’n naaldwerkster is wat so iets vir ons sal kan maak, kontak ons asb.

Indien u enige verdere idees of voorstelle het met betrekking tot die voorportaal, maak gerus kontak met sr. Doreen Bierman, sr. Janie Venter of sr. Lynelle Steyn.


GKR
RAAK BETROKKE
Susters
DIENSGROEPE
SAAM DIEN ONS MET LIEFDE
ELKE GAWE MAAK 'N VERSKIL
VERVERSINGS EN DEKOR
by funksies (Kerssangdiens/ Paasdiens ens)
ETES IN NOOD
Maak en laai etes af vir mense wat deur moeilike tye gaan
TEESKINK KOÖRDINEERDER
Reël met die wyke om tee te skink
VERVERSINGS TYDENS KERK-RAADSVERGA-DERINGS
Bedien en maak van verversings
SUSTERS DIAKONALE ONDERSTEUNINGS GROEP
Ondersteun met diakonale aksies
Dankie vir jou tyd, liefde en getroue diens!
VIR MEER INLIGTING RONDOM ELKE GROEP VOLG DIE SKAKEL HIERONDER
SLUIT AAN VIA DIE GKR GEMEENSKAP OP WHATSAPP
Saam bou ons God se Koninkryk

# BYBELVERSPREIDING

Ons Bybelverspreidingsfokusweek begin vandag! Kom ons maak hierdie week ‘n week van Bybels uitdeel! Onthou: Om vir iemand ‘n Bybel te gee is om aan hom of haar toegang tot die Brood van die Lewe te gee. Skenk ‘n Bybel en begelei die ontvanger in die regte gebruik van die Bybel.

Hoekom ondersteun ons die Bybelgenootskap?

**Die Bybelgenootskap is volkome afhanklik van die gebede en finansiële ondersteuning van alle Christene, kerke, sakeondernemings en ander organisasies om sy taak, bekostigbare Bybels vir almal, uit te voer. Help die Bybelgenootskap met bekostigbare Bybels vir almal en gebruik hierdie week om jou bydrae te maak!**

Hou asseblief ook in gedagte:

- Ons streef daarna om voor die einde van 2026 aan minstens 50 kinders uit arm huishoudings ‘n Bybel te kan skenk.
- Dit is ons mikpunt om vanjaar 500 Bybels te kan borg. Rietvallei, met sowat 700 besoekpunte behoort hierdie teiken maklik te haal as daar uit elke besoekpunt slegs een Bybel geborg kan word.
- Volgens die jongste pryslys van die Bybelgenootskap, is die pryse van die Bybels waarvan ons die meeste aankoop en versprei, soos volg:
  - Afrikaans 2020 standaarduitgawe: R195-00
  - Engels, Sepedi, Sesotho, Setswana, en IsiXhosa almal R169-00; en
  - IsiZulu R147-00
- Baie dankie aan die lidmate wat Bybels in die portaal neem om uit te deel. Hou egter hierdie pryse in gedagte indien u ‘n bydrae vir die Bybelverspreidingsfonds wil maak.
- Maak gerus gebruik van die botteltjies op die Bybeltafel in die portaal (elke botteltjie hou 20 R5-munte = R100) of doen ‘n EFT gemerk “Bybelverspreiding”.

Baie dankie vir u bydrae!


Liewe Susters,
Ons benodig geskenkies/donasies vir ons Damesoggend.
Geskenkies soos:
Spa/Naels geskenkbewys
Opgemaakte geskenkies van vel produkte
Restaurant geskenkbewys vir 2 (lekker date-night)
Enige dames geskenkies of kontant donasies.
Kontak asb vir Carin Rheeder 061 818 4265 as jy n geskenkie wil borg of donasie wil maak.
Dankie
Weereens dankie.
Groete, Sustersbestuur.
GKR
Damesoggend
2026
Lente van binne en buite
HOU DIE DATUM OOP:
5 September 2026
09:00
Wil jy graag die oggend bywoon maar sien nie kans om as gasvrou op te tree nie?
Koop gerus 'n kaartjie teen R200.
Jou kaartjie sluit 'n eet-en drinkdingetjie in.
Gelde kan in sustersrekening inbetaal word.
(Sien Eljada vir bankbesonderhede).
Verwysing: Jou naam, van en damestee 2026.
KAARTJIE R200
GK RIETVALLEI
5 SEPTEMBER 2026
09:00
VIR ALLE VROUE EN MEISIES!
GASSPREKER
KARYNA LE ROUX
Versier jou met die Woord.
MODE-ONTWERPER
INGRID POUWELS
Ontwerper & eienaar van Ponki Bridal Collections
Leer watter styl, kleure en klere pas by elke vrou.
MOENIE DIT MISLOOP NIE!
MODEPARADE
EET EN KUIER SAAM
KIES JOU STYL MET SELFVERTROUE
THRIFTING
Mooi tweedehandse klere te koop.
PLAAS JOU SKENKINGS
vanaf 26 Julie tot – 24 Augustus –
in die bokse in die kerk se voorportaal.
ELKE SKENKING maak 'n verskil!
Groete Sustersbestuur


30 AUGUSTUS
GEMEENTE BURGER-ETE!
Kom kuier saam ná NAGMAAL
en geniet 'n lekker "Bou-jou-eie Burger"-ete saam met die gemeente!
DIAKONIE VOORSIEN:
Burger buns
Wildsvleis-patties
Nagereg
ELKE GESIN BRING ASSEBLIEF HUL EIE GUNSTELING GARNISH/TOPPINGS om julle perfekte burger te bou – van uie en tamatie tot blaarslaai en alles tussenin!
EET JY NIE WILDSVLEIS NIE?
Geen probleem! Bring asseblief jou eie patties saam.
ELKE GESIN BRING OOK ASSEBLIEF 'N BYGEREG om met ander te deel om saam die burger te geniet.
Bou jou burger soos JY dit wil hê!
Kom geniet 'n lekker gemeente-ete, kuier en samesyn ná Nagmaal!


Bybelstudie
VIR
GEREFORMEERDE ENKELLOPENDES
Jy word hartlik uitgenooi om aan te sluit by 'n Bybelstudiegroep vir enkellopende, jeugdige(40+) Gereformeerde lidmate.
Ons gaan saam leer, groei en mekaar bemoedig.
Niemand is alleen op hierdie pad nie. God loop saam met elkeen.
Kontak gerus vir
Marilize
084 258 0057
(Whatsapp)
vir meer inligting.
Kom groei saam in God se Woord en in ware vriendskap.


GK Rietvallei
Gemeentekamp
2026
GEREFORMEERDE KERK
RIETVALLEI
Zorgvliet
23 – 28 September
Inskrywings op GKR
Gemeenskap-WhatsApp


Koinonia
Gesin-kuier-aande
Vrydae 17:00-21:00
ALMAL WELKOM!
GEREFORMEERDE KERK
RIETVALLEI

## GKSA Nuus:

**Meelewing:**

- Met leedwese maak ons bekend dat mev Ria Mulder, weduwee van ds AH (Arnold) Mulder van GK Krugersdorp, op 11 Augustus 2026 oorlede is.

**Kerklike Administrasie:**
**Beroep Ontvang:**

- Proponent Petrus Malindi na GK Phiritona (Heilbron).

**Emeritering:**

- Ds Paul en Oniccah Modise
  Op 3 Maart 1989 is ds Paul Modise bevestig as predikant van GK Kagiso en na 37 jaar sal hy DV op Sondag 23 Augustus 2026 sy afskeidspreek lewer waarna hy emeriteer.

